



Vak: Graad 11 Afrikaans: EAT
Onderwerp: Afrikaans EAT: Kwartaal 2 - Eksamen 1
Totaal: 158 Punte

Naam: _____

Datum: _____

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12, 13, 14, 15

Rooigety

1. Wat is rooigety? Dit het niks met getye van die see, soos hoogwater en laagwater ("high tide and low tide"), te doen nie.
2. Rooigety is 'n natuurlike verskynsel ("phenomenon") wat wêreldwyd in groot watermassas soos seë, mere en riviere voorkom. Die kleur van die water verander gewoonlik na rooi as gevolg van 'n digte konsentrasie van sekere mikro-alge (piepklein plantjies) in die water naby die oppervlak wat buite beheer opbloeit. Hierdie alge word fitoplankton genoem.
3. Aan die Weskus van Suid-Afrika veroorsaak rooigety soms dat krewes ("crayfish") uit die see loop. In Januarie 2021 het tonne kreef by die Weskus-dorpie, Elandsbaai, uitgeloop weens 'n tekort aan suurstof wat veroorsaak is deur die digte konsentrasie plankton. Dit het weer in Maart 2022 by dieselfde dorpie gebeur toe ongeveer 500 ton kreef uit die see geloop het.
4. Die rooigety kom veral voor wanneer seestrome en die suidewind koue water, ryk aan voedingstowwe, uit die diepsee na die seeoppervlak laat beweeg. Dit staan bekend as opwelling of opstuwing. Die opwelling bring slapende mikro-alge wat gewoonlik op die seabodem lê, na die oppervlak van die see.
5. Wanneer die water baie kalm is, die temperatuur net reg en daar is genoeg lig, vermeerder die mikro-alge baie vinnig en beweeg nader aan mekaar. Die rooigety ontstaan wanneer hulle so naby aan mekaar is dat die water verkleur.
6. Rooigety kan dae, weke en selfs maande aanhou, totdat die voedingstowwe opraak of die wind en die seestrome die alge uitmekaar laat beweeg. Die mikro-alge raak dan weer dormant en sak af na die seabodem. Party ontbind en laat 'n aaklige reuk oor die hele omgewing hang.
7. Rooigety is nie skadelik vir mense nie, maar vir die ekonomie ("economy") en die omgewing. Dit stel soms giftige afvalstowwe vry wat skadelik vir sommige vissoorte, seevoëls en mariene diere is, wat van plankton leef. Dit vergiftig skulpvis en mariene diere, soos kreef, wat kan uitspoel en vrek. Dit is gevaarlik om skulpvis, soos mossels, perlemoen, oesters en garnale, tydens rooigety te eet as gevolg van die giftige afvalstowwe wat daarin mag voorkom.
8. As voëls, rondloperdiere of mense van die uitgespoelde skulpvis of kreef eet, kan hulle baie siek raak of selfs sterf. Wanneer rooigety voorkom, word waarskuwings uitgereik en mense word aangeraai om nie van die skulpvis of kreef te eet wat uitgespoel het nie, omdat dit baie giftig is.
9. Mense wat van hierdie giftige seediere en skulpvis eet, kry paralitiese ("paralysing") skulpvisvergiftiging. Dit is die ernstigste van die skulpvisvergiftigings en het aan die Weskus tot verskeie sterftes van mense gelei. Simptome ("symptoms") begin met 'n tintel- en prikkelgevoel in die lippe, tong en vingerpunte. Dan raak die persoon se arms, bene en nek verlam ("paralysed"). Duiseligheid ("dizziness"), spier-ongekoördineerdheid, hoofpyn, naarheid ("nausea") en die verlamming van die asemhalingstelsel ("respiratory system") volg. Die simptome begin binne 'n halfuur en die persoon kan binne 2 uur sterf.



10. Tydens rooigety kan mense steeds swem en branderplank ("surfboard") ry. Dit word slegs in uitsonderlike gevalle verbied. Hoë vlakke van bakterieë in die water mag dit ongemaklik maak vir mense om te swem, want dit kan die vel irriteer. Die alge stel ook 'n baie slegte reuk vry. Hengelaars wat tydens rooigety visvang, moet die visse deeglik skoonmaak, want die gifstowwe bou in die vis se organe op.

Bron: *Huisgenoot Junior*, 17 Maart 2022.

Wikipedia: <https://af.wikipedia.org/wiki/Rooigety>

Woordelys

bakterieë - bacteria

gifstowwe - poisons

giftige - poisonous

mikro-alge - microalgae

omgewing - environment

oppervlak - surface

rooigety - red tide

seestrome - sea streams

skadelik - harmful

skulpvis - shell-fish

uitgespoelde - washed ashore

uitsonderlike - exceptional

vergiftiging - poisoning

verkleur - colour

vrystel - release

waarskuwing - warning

Vraag 1: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Vul die woord in wat die sin korrek sal voltooi:

"Rooigety kan **dae, weke** en selfs ... aanhou."

Skryf **slegs een woord** neer.

Vraag 2: Waar/Onwaar

2 punte

Die afgelope twee jaar het rooigety twee keer in Elandsbaai voorgekom.

WAAR

ONWAAR



Vraag 3: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die antwoord wat pas:

Die mikro-alge wat buite beheer naby die water se oppervlakte opbloeï, word ... genoem.

- | | |
|----------|---------------------|
| A | fitoplankton |
| B | voedingstowwe |
| C | giftige afvalstowwe |
| D | watersulfied |
-

Vraag 4: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Kies die woorde wat die sin korrek sal voltooi:

Rooigety is skadelik vir die (1) . Dit stel soms (2) vry wat skadelik vir sommige vissoorte, seevoëls en mariene diere is, wat van (3) leef.

Opsies Is: mense | omgewing | bakterieë | giftige afvalstowwe | skulpvis | plankton

1		2	
3			

Vraag 5: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die antwoord wat pas:

Rooigety het niks te doen met ... nie.

- | | |
|----------|------------------------|
| A | mikro-alge |
| B | hoogwater en laagwater |
| C | fitoplankton |
| D | opwelling |
-



Vraag 6: Waar/Onwaar

2 punte

Rooiety is goed vir die ekonomie ("economy") van die Weskus.

WAAR**ONWAAR****Vraag 7: Voltooi Die Ontbrekende**

6 punte

Kies die woorde wat die sin korrek sal voltooi:

Mikro-alge vermeerder baie vinnig wanneer die (1) baie kalm is, die (2) net reg is en daar genoeg (3) is.

Opsies is: water | seestrome | temperatuur | voedingstowwe | lig | suurstof

1	
3	

2	
----------	--

Vraag 8: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Vul die woord in wat die sin korrek sal voltooi:

Watter stelsel ("system") van die mens word verlam ("paralysed") deur giftige skulpvis te eet?

Verskaf slegs **een woord** neer.

--

Vraag 9: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Haal die hele sin ("quote the complete sentence") aan wat aandui dat die mense deur die owerhede beskerm ("protected") word teen die moontlike vergiftiging ("poisoning") van uitgespoelde mariene diere.

--



Vraag 10: Waar/Onwaar

2 punte

Mense het al in Suid-Afrika gesterf omdat hulle giftige seediere en skulpvis wat uitgespoel het, geëet het.

WAAR**ONWAAR****Vraag 11: Voltooi Die Ontbrekende**

6 punte

Kies die woorde wat die sin korrek sal voltooi:

Die water verkleur rooi omdat 'n digte (1) van piepklein plantjies, wat (2) genoem word, naby die water se oppervlak buite (3) opbloeï.

Opsies Is: groep | konsentrasie | bakterieë | mikro-alge | kontrole | beheer

1	
3	

2	
----------	--

Vraag 12: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die regte antwoord:

Die mikro-alge wat ... laat 'n aaklige reuk oor die omgewing hang.

- | | |
|----------|-----------------|
| A | opbloeï |
| B | beweeg |
| C | ontbind |
| D | suurstof inneem |



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 13, 14



Vraag 13: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die antwoord wat pas:

"Die rooigety kom veral voor wanneer seestrome en die ... koue water, ryk aan voedingstowwe, uit die diepsee na die seeoppervlak laat beweeg."

- | | |
|----------|---------------|
| A | vissermanne |
| B | mariene diere |
| C | plankton |
| D | suidewind |

Vraag 14: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Vul die ontbrekende woord in om die sin te voltooi:

"Die **drie plekke** waar rooigety wêreldwyd in watermassas voorkom is in die **seë, mere** en"

Skryf **slegs een woord** neer.

--

Vraag 15: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Kies die woorde wat die sin korrek sal voltooi:

"Hoë vlakke van (1) in die water mag dit (2) maak vir mense om te swem, want dit kan die vel (3) ."

Opsies Is: bakterieë | suurstof | ongemaklik | ongesond | irriteer | longe

1	
3	

2	
----------	--



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 16, 17, 18, 19, 20, 21, 22, 23, 24, 25, 26, 27, 28, 29, 30



Rooigety: Tonne kreef terug in die see

1. "Dit was beslis nie speletjies nie!" het Stefan Vermaak uitgeroep! Hy en 'n groep weldoeners het kreef van sowat 6 ton wat by Elandsbaai aan die Weskus weens rooigety uitgeloopt het, by Lambertsbaai agter die rooigety weer terug in die see gesit.
2. Die kreef het Dinsdag begin uitloop. Dit was nie die eerste keer dat dit gebeur het nie.
3. "Die krewes is in kratte na ons gebring. Die vraag het sowat 6 ton geweeg," sê Vermaak.
4. Volgens inligting op Facebook het vissermanne die kreef terug in die see gesit. Die waarde van die kreef is volgens die vissermanne sowat R6 miljoen.
5. Die krewes is gered as deel van 'n gebeurlikheidsplan wat deur die departement van bosbou, visserij en die omgewing in werking gestel is nadat sowat 500 ton van die seediere sedert Dinsdag by Elandsbaai uit die see geloop of uitgespoel het weens die rooigety.
6. Daar was volgens die departement die afgelope paar weke 'n opbou van rooigety in die groter St. Helenabaai-gebied. Dit het vandeewee oor 'n gebied van 50 tot 60 km in die omgewing van Elandsbaai, Lambertsbaai en Doringbaai gestrek.
7. Rooigety word veroorsaak deur die groei van mikroskopiese alge. As dit naby die kus gekonsentreer raak, veral wanneer die water kalm is, begin die alge afbreek en dit lei tot laer suurstofvlakke in die water, wat tot vrektes onder seediere lei.
8. Die departement werk saam met munisipaliteite, die weermag en die polisie om lewende krewes te red en strande op te ruim.

Die Burger, 5 Maart 2022. Jackie Kruger (Aangepas)

Woordelys			
alge	alga	gebeurlikheidsplan	contingency plan
gebied	area	gekonsentreer	concentrated
krat	crates	krewes	crayfish
lewende	living	mikroskopiese	microscopic
opbou	build up	rooigety	red tide
seediere	sea creatures	speletjies	games
suurstofvlakke	oxygen levels	uitgespoel	washed ashore
vandeewee	this week	veroorzaak	caused
vrektes	mortality	waarde	value
weermag	armed forces	weldoeners	benefactors

Vraag 16: Voltol Die Ontbrekende

4 punte

Kies die korrekte woorde:

Ons lees in paragraaf 7 dat as alge naby die kus in kalm water begin afbreek, dit **lei** tot laer suurstofvlakke ("oxygen levels") in die seewater.

Die **homofoon** ("homophone") vir die woord, lei, is "**ly**" wat (1) of (2) beteken.

(Kies jou antwoorde in **alfabetiese volgorde**.)

Opsies is: leierskap | swaarkry | voor loop | ly aan 'n siekte

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 17: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kyk na dié sin in paragraaf 1 van die aangehegte artikel en benoem die **sinsoort** ("type of sentence") deur die korrekte woord te kies:

"Dit was beslis nie speletjies nie!"

- | | |
|----------|------------|
| A | stelsin |
| B | vraagsin |
| C | uitroepsin |
| D | bevelsing |

Vraag 18: Waar/Onwaar

2 punte

Kyk na **die tweede sin** van paragraaf 7 van die aangehegte artikel:

"As dit naby die kus gekonsentreer raak, veral wanneer die water kalm is, ..."

Die woord, **kalm**, het nie trappe van vergelyking ("degrees of comparison") nie; dit bly kalm.

WAAR**ONWAAR****Vraag 19: Veelvuldige Keuse**

4 punte

Kyk na sin een van paragraaf 4 en kies die gepaste woord:

"Volgens inligting op Facebook het vissermanne die kreef terug in die see gesit."

Watter woord is **nie** 'n **soortnaam** ("common noun") nie?

- | | |
|----------|-------------|
| A | vissermanne |
| B | Facebook |
| C | kreef |
| D | see |



Vraag 20: Waar/Onwaar

2 punte

Lees die laaste sin van paragraaf 4 van die aangehegte artikel:

"Die waarde van die kreef is volgens die vissermanne sowat R6 miljoen."

Die woord, **waarde**, is 'n soortnaam ("common noun").

WAAR**ONWAAR****Vraag 21: Skryf Jou Antwoord**

3 punte

Lees dié sin in paragraaf 2 van die aangehegte artikel en skryf dit in die **ontkennende vorm** ("negative form")

"Die kreef het Dinsdag begin uitloop."

Skryf die **hele** ontkennende sin neer.

Vraag 22: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kyk na die woord, **gebeurlikheidsplan**, in paragraaf 5 en kies die woord wat pas:

Die woord, gebeurlikheidsplan, is 'n ...

- | | |
|----------|--------------------------|
| A | stamwoord. |
| B | afleiding. |
| C | samestelling. |
| D | samestellende afleiding. |



Vraag 23: Waar/Onwaar

2 punte

Kyk na die tweede woord in paragraaf 2 (kreef) en in paragraaf 3 (krewe) van die aangehegte artikel.

Die spelreël wat toegepas word op die meervoud ("plural") van woorde wat op 'n **-f** eindig is:

Die **-f val weg** en **-we** word **in sy plek** ingevoeg. Byvoorbeeld:

- een **kreef**, maar baie **krewe**

WAAR

ONWAAR

Vraag 24: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kyk na die sin in paragraaf 7 van die aangehegte artikel:

"As dit naby die kus gekonsentreer raak, veral wanneer die water kalm is, begin die alge afbreek en dit lei tot laer suurstofvlakke in die water, wat tot vrektes onder seediëre lei."

Die woord, afbreek, is 'n **paroniem** ("paronym") van breek. Kies die woord wat **nie** 'n paroniem van breek is nie:

- | | |
|----------|-----------|
| A | verbreek |
| B | broos |
| C | breekbaar |
| D | afbreek |



Vraag 25: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Lees paragraaf 5 van die aangehegte artikel. Voltooi die volgende:

1. 'n Sinoniem ("synonym") vir **see** is ...
2. 'n Antoniem ("antonym") vir **nadat** is ...

Skryf die antwoorde, in **dieselfde volgorde as die vrae**, langs mekaar neer. Plaas 'n **komma** tussenin.

--

Vraag 26: Voltooi Die Ontbrekende

10 punte

Lees sin twee in paragraaf 1 en kies die **woordsoorte** ("parts of speech") wat die woorde korrek sal benoem:

"Hy en 'n **groep** weldoeners het kreef van sowat 6 ton **wat** by Elandsbaai aan die **Weskus** weens rooigety uitgeloop het, by Lambertsbaai **agter** die rooigety weer terug in die see **gesit**."

groep (1)
wat (2)
Weskus (3)
agter (4)
gesit (5) .

Opsies is: versamelnaam | trappe van vergelyking | betreklike voornaamwoord | persoonlike voornaamwoord | stofnaam | eienaam | voorsetsel | lidwoord | werkwoord

1	
3	
5	

2	
4	



Vraag 27: Voltooi Die Ontbrekende

10 punte

Kyk na die eerste sin van die aangehegte artikel. Kies die woorde in die korrekte volgorde om die sin in die **indirekte rede** ("indirect speech") te skryf:

"Dit was beslis nie speletjies nie!" het Stefan Vermaak uitgeroep!"

(1) het uitgeroep (2) (3) (4) (5) .

Opsies Is: speletjies was nie | Stefan Vermaak | dit | beslis nie | dat

1	
3	
5	

2	
4	

Vraag 28: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Kyk na die **eerste sin** van paragraaf 7 van die aangehegte artikel:

"Rooigety word veroorsaak deur die groei van mikroskopiese alge."

Benoem die **woordsoort** ("part of speech") van die woord, **mikroskopiese**.

Die woordsoort se naam bestaan uit twee woorde. Skryf **albei woorde** neer.

--



Vraag 29: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Lees sin twee van paragraaf 2 en kies die **woordsoorte** ("parts of speech") wat die woorde in **vet-druk** ("bold-face") korrek sal benoem:

"**Dit** was nie **die eerste** keer dat dit gebeur het nie."

Dit (1)

die (2)

eerste (3)

Opsies Is: besitlike voornaamwoord | onpersoonlike voornaamwoord | bepaalde lidwoord | onbepaalde lidwoord | bepaalde rangtelwoord | onbepaalde hooftelwoord

1	
3	

2	
----------	--

Vraag 30: Waar/Onwaar

2 punte

Kyk na die laaste sin in paragraaf 6 van die aangehegte artikel:

"Dit het vandeeweek oor 'n gebied van 50 tot 60 km in die omgewing van Elandsbaai, Lambertsbaai en Doringbaai gestrek."

Die sin is in die teenwoordige tyd ("present tense") geskryf.

WAAR

ONWAAR

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 31, 32, 33, 34, 35





Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 31



Vraag 31: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Skryf die **woord** neer om die sin korrek te voltooi.

Die spotprent het op 2 Augustus 2018 in *Die ...* verskyn.

Skryf slegs **een woord** neer.

--

Vraag 32: Veelvuldige Keuse

4 punte

Watter **element** in die spotprent word gebruik om **ironie** uit te beeld?

A	Die landkaart.
B	Die Suid-Afrikaanse vlag.
C	Die twee mans wat daaraan werk.
D	Die blinddoek wat die beplanner dra.

Vraag 33: Waar/Onwaar

2 punte

Die **doel van die spotprent** is om die publiek ("public") se ontevredenheid ("dissatisfaction") met Eskom met humor te verlig ("to lighten up").

WAAR	ONWAAR
-------------	---------------

Vraag 34: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Kies die woorde wat die sin korrek sal voltooi:

Die muis, wat (1) op die situasie by Eskom, maak van (2) gebruik deur te sê dit werp nie (3) op die situasie nie, want Eskom gee ook nie juis lig nie.

Opsies is: gate vreet | kommentaar lewer | verkleining | woordspeling | hulp | lig

1		2	
3			



Vraag 35: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Vul die woord in wat die sin korrek sal voltooi:

Die spotprent dra die boodskap ("message") oor dat daar geen ... by Eskom is nie, al staan dit op hul deur ("door").

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 36, 37, 38, 39, 40



SWARTRIET

Hier praat die natuur op so 'n unieke manier met die mensdom dat jy na dié wegkomkans 'n nuwe mens sal wees!

Ons bied 29 selfsorg-chalets op 'n plaas teen die see. Net 13 km vanaf Saldanha en Vredenburg, en 150 km vanaf Kaapstad. Geen troeteldiere.

Tel: 022 715 4044
info@swartriet.com
www.swartriet.com
Konferensiefasiliteite beskikbaar

Bron: Weg. Februarie 2020

Vraag 36: Waar/Onwaar

2 punte

Kyk na die advertensie. Die opskrif ("heading") en die foto's maak dit duidelik dat die advertensie oor verblyf ("accommodation") en ontspanning ("relaxation") gaan.

WAAR

ONWAAR



Vraag 37: Voltooi Die Ontbrekende

8 punte

Voltooi die volgende volgens die **ABBA-beginsel: Aandag, Belangstelling, Begeerte en Aksie.**

A - (1)

B - (2)

B - (3)

A - (4)

Opsies Is: Saldanha | foto's van huisies, plantegroei, strand en die see | plaas, see, chalets en webwerf | boer met skape | sal nuwe mens wees | kan internet gebruik | kontakinligting | dis naby die Kaap

1	
3	

2	
4	

Vraag 38: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die groep wat **nie** pas nie:

Die advertensie is gerig op ...

A	Mense wat graag wil weggom van die werk.
B	bergklimmers.
C	Mense wat van die see en plaaslewe hou.
D	Mense wat konferensies wil hou.

Vraag 39: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Kyk na die advertensie en vul die ontbrekende woord in:

Die vakansieplek kan per ... of per **e-pos** gekontak word.Skryf **net een woord** neer.

--

Vraag 40: Waar/Onwaar

2 punte

Lees die advertensie sorgvuldig. Besoekers ("visitors") mag hul troeteldiere ("pets") saambring.

WAAR	ONWAAR
-------------	---------------



